



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 20 MAART 2024 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl D G Bess
Rdl N Smit
Rdh T van Essen
Rdl A K Warnick

Ander raadslede:

Die Speaker, rdl M A Rangasamy

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Senior Bestuurder: Strategiese Dienste, me O Fransman
Bestuurder: Sekretariaat en Rekordsdienste, me N Brand

1. OPENING

Die Uitvoerende Burgemeester verwelkom lede en versoek rdl A K Warnick om die vergadering met gebed te open.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Geen verskonings is ontvang nie.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen.

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 21 FEBRUARIE 2024

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 21 Februarie 2024 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 14 MAART 2024

5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.4 BESKERMINGDIENSTE

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

7. NUWE SAKE

7.1 2024 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) (2/1/4/4/1)

Die wysigings aan die 2024 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) word in die verslag tot die sakelys voorgehou en vind plaas ingevolge die vereiste van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelselwet, Wet 32 van 2000 om jaarliks die GOP te hersien.

BESLUIT [vir voorlegging aan die Raad op 28 Maart 2024]

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die wysiging van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) asook die hersiening van die areaplanne ten einde dit by die Raadsvergadering ter tafel te lê in terme van artikel 17(3) van die MFMA;
- (b) Dat, alhoewel die Raad nie MFMA Omsendskrywe 88 aanvaar het nie, Swartland Munisipaliteit deel sal neem aan die 2024/2025 DCoG loodsprojek en dat daar kennis geneem word van die aangehegte indikatore wat deel vorm van die loodsprojek;
- (c) Dat die DCoG indikatore nie in die bestaande indikator tabelle in die GOP geïnkorporeer word nie, maar ingesluit word as 'n aanhangsel tot die GOP; en
- (d) Dat 'n verdere konsultasie- en verfyningsproses gedurende April 2024 gevolg word.

7.2 BEGROTINGSBEHEERKOMITEE TEGNIESE AANBEVELINGS VIR DIE KONSEP MEERJARIGE KAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTINGS, GEWYSIGDE BEGROTINGS EN VERWANTE BELEIDE, EIENDOMSBELASTING, TARIWE EN ANDER HEFFINGS VIR 2024/2025, 2025/2026 EN 2026/2027 VIR DOELEINDES VAN DIE PUBLIEKE DEELNAME PROSES (5/1/1/1, 5/1/1/2)

Artikel 16(2) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) bepaal dat die burgemeester die jaarlikse begroting ten minste 90 dae voor die aanvang van die finansiële jaar by 'n raadsvergadering ter tafel moet lê.

Die konsep meerjarige kapitaal- en bedryfsbegroting is ook in terme van die *Municipal Budget and Reporting Regulations, 2008* op 14 Maart 2024 aan die Begrotingsbeheerkomitee voorgelê vir oorwegings van die tegniese aanbevelings.

Die voorsitter gee geleentheid vir komiteelede om aspekte uit te lig wat onduidelik is in die konsep begroting, en noem ook dat die publieke deelnameproses gebruik moet word om hierdie aspekte aan te spreek. Kennis word geneem dat gesprekvoering gereël sal word om die praktiese implementering van fondse vir wyksprojekte uit te klaar en die behoefte om hierdie fondse vir sosiale opheffing aan te wend.

Die aanbevelings van die Begrotingsbeheerkomitee gehou op 14 Maart 2024 word aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgehou vir oorweging en aanbeveling aan die Raad op 28 Maart 2024 vir doeleindes van die publieke deelnameproses. Die finale goedkeuring van die begroting sal plaasvind op 30 Mei 2024. Daar word derhalwe –

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Die Begrotingsbeheerkomitee, na oorweging van die omvattende analise deur die Direkteur: Finansiële Dienste, wat insluit die besonderhede insake die risiko's in terme van die afkondiging van toekennings in die Provinsiale Koerant van Vrydag, 8 Maart 2024 en inkomste modellering van die nuwe MTREF, **BESLUIT**:
- (b) Dat die administrasie die buitejare hersien, dit is Jaar 2 en Jaar 3, in die konteks van die provinsiale toekennings, **GEGEWE DIE AANDUIDENDE AARD** daarvan en die moontlikheid dat dit weer mag wysig weens die fiskale uitdagings wat deur die nasionale regering ervaar word;
- (c) Dat verdere formele samesprekings plaasvind met die Departement van Infrastruktuur in die Provinsie, ten einde duidelikheid en die versekering te verkry ten opsigte van die toekennings wat ingesluit moet word in die meerjarige begroting, met die oog op die finale posisie vir goedkeuring van die MTREF begroting in Mei;
- (d) Dat die Raad kennis neem dat die koste soos beoog deur Artikel 19 (2)(a)(b) verkry is na konsultasie met die onderskeie direkteur(e) wie die koste bevestig het soos per **(Annexure A: 2024/2025 – 2026/2027 Draft Budget and Tariff File)** en oorweeg dieselfde;
- (e) Dat die Raad voor die goedkeuring van die kapitaalprojekte bo R50 miljoen soos gelys in **(Annexure B: 2024/2025 – 2026/2027 Capital Projects ito Sec 19)**, eers die geprojekteerde koste wat alle finansiële jare dek totdat die projek in werking is; en die toekomstige bedryfskoste en inkomste op die projek, met inbegrip van belasting- en tarief-implikasies oorweeg;
- (f) Dat die Raad dit toepaslik geag het om die totale kapitaalprogram te oorweeg, uitgesluit die vier (4) individuele projekte bo R50 miljoen aangesien die voorgenoemde kapitaalprogram se operasionele koste, insluitend die toekomstige koste wat gedek sal word deur belasting en die normale kostesentrums soos in die bedryfsbegroting;
- (g) Dat die toekomstige kapitaalebegrotings vanaf jaar 3 beperk word tot 17% van die bedryfsbegroting (gebaseer op NT se norm van tussen 10% en 20% vir Kapitaalbesteding tot Totale Bedryfsbesteding) as gevolg van die opwaartse druk wat dit het op die bedryfsbegroting en die bekostigbaarheid van tariewe;

7.2/...

- (h) Dat die Raad die befondsingsbronne oorweeg wat verband hou met die raad se kapitaalprogram en daarop let dat die befondsingsbronne beskikbaar is en nie vir ander doeleindes geoormerk is nie;

FINANCING SOURCES	Draft Budget 2024/2025	Draft Budget 2025/2026	Draft Budget 2026/2027
Capital Replacement Reserve (CRR)	R 95 897 241	R 113 426 861	R 114 641 897
External Loans	R 36 950 588	R 3 000 000	R -
Municipal Infrastructure Grant (MIG)	R 29 332 000	R 25 343 000	R 27 225 000
Integrated National Electrification Programme (INEP)	R 22 818 000	R 23 100 000	R 20 868 000
WCED (Private Funding)	R 20 000 000	R -	R -
Dept. of Infrastructure	R 174 289 166	R 49 520 000	R 33 000 000
Dept. Cultural Affairs and Sport	R 550 000	R -	R -
Community Safety Grant	R 40 000	R -	R -
GRAND TOTAL	R 379 876 995	R 214 389 861	R 195 734 897

- (i) Dat die Raad die kapitaalprojekte as deel van die gekonsolideerde kapitaalprogram goedkeur soos per **(Annexure A: 2024/2025 – 2026/2027 Draft Budget and Tariff File)**;
- (j) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen vir die opneem van 'n eksterne lening tot 'n bedrag van R40 miljoen vir die 2024/25 MTREF, vir die gedeeltelike finansiering van die volgende kapitaalprojekte: 132/11kV Eskom Schoonspruit Substation (R29 miljoen) en die Development of Highlands New Landfill Cell (R11 miljoen), deur die mark te toets by wyse van die inwin van tenders vanaf die finansiële instellings soos beoog in artikel 46 van die MFMA;
- (k) Dat die konsep hoë-vlak meerjarige Kapitaal- en Bedryfsbegrotings ten opsigte van die **2024/2025 – 2026/2027** finansiële jare goedgekeur word as konsep, in ooreenstemming met artikel 16, 17 en 19 van die MFMA om publieke deelname toe te laat;

	Oorspronklike Begroting 2023/24	Aansuiwerings begroting 2023/24	Konsep Begroting 2024/25	Konsep Begroting 2025/26	Konsep Begroting 2026/27
Kapitaalebegroting	209 052 395	248 689 919	379 876 995	214 389 861	195 734 897
Bedryfsuitgawes	1 071 330 062	1 071 352 206	1 186 633 143	1 433 808 808	1 583 680 923
Bedryfsinkomste	1 192 485 181	1 252 422 713	1 433 295 918	1 534 741 556	1 665 346 695
Begrote (Surplus)/ Tekort	(121 155 119)	(181 070 507)	(246 662 775)	(100 932 749)	(81 665 772)
Minus: Kapitaal Toekennings & Donasies	107 386 943	119 908 999	227 029 166	97 963 000	81 093 000
(Surplus)/ Tekort	(13 768 176)	(61 161 508)	(19 633 609)	(2 969 749)	(572 772)

- (l) Dat daar in beginsel goedkeuring verleen word vir die kennisgewing ingevolge artikel 14(1) en (2) van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 ten opsigte van die heffing van konsep eiendomsbelastingkoerse, vrystellings en afslag op eiendomme soos gespesifiseer in die onderstaande skedule en in die eiendomsbelastingbeleid vir die 2024/2025 finansiële jaar, vir doeleindes van die publieke deelnameproses:

Tabel/...

Category of property	Rate ratio	(c/R) rate determined for the relevant property category
<i>Residential properties</i>	1: 1	0,5624
<i>Business and Commercial properties</i>	1: 1,5592	0,8769
<i>Industrial properties</i>	1: 1,5592	0,8769
<i>Agricultural properties</i>	1: 0,25	0,1406
<i>Mining properties</i>	1: 1,5592	0,8769
<i>Public Service Infrastructure</i>	1: 0,25	0,1406
<i>Properties owned by an organ of state and used for public service purposes</i>	1: 1,5592	0,8769
<i>Public Benefit Organisations</i>	1: 0	0,0000
<i>Vacant properties</i>	1: 1,4264	0,8022
<i>Municipal properties</i>	1: 0	0,0000
<i>Conservation Areas</i>	1: 0	0,0000
<i>Protected Areas</i>	1: 0	0,0000
<i>National Monuments</i>	1: 0	0,0000
<i>Informal Settlements</i>	1: 0	0,0000

Exemptions and Reductions

- **Residential Properties:** For all residential properties, the municipality will not levy a rate on the first R15 000 of the property's market value. The R15 000 is the statutory impermissible rate as per section 17(1)(h) of the Municipal Property Rates Act.

Rebates in respect of a category of owners of property are as follows:

- **Indigent owners:** 100 per cent rebate will be granted to registered indigents in terms of the Indigent Policy to a maximum valuation of R105 000;
- **Qualifying senior citizens and disabled persons:** A rebate to an amount equal to the rates payable on the first amount of the valuation of such property to a limit of R300 000.

NB: Please refer to the municipality's property rates policy in respect of all rebates offered.

- (m) Dat die Raad die konsep tariefstrukture en heffings vir water, vullisverwydering, riool en ander diverse heffings soos uiteengesit in **(Annexure A: 2024/2025 – 2026/2027 Draft Budget and Tariff File)** goedkeur met die doel om publieke deelname toe te laat;
- (n) Dat die Raad die voorgestelde elektrisiteitstariewe as konsep goedkeur vir die 2024/2025 finansiële jaar, **met inagneming dat dit onderhewig is aan finale goedkeuring deur NERSA**;
- (o) Dat die jaarlikse begrotingstabelle soos vereis deur die Begrotings- en Rapporteringsregulasies en uiteengesit is in **(Annexure C: Budget Report and A-Schedules 2024/2025 – 2026/2027)** goedgekeur word;
- (p) Dat die **wysigings** aan die begrotings- en verwante beleide soos vervat in **(Annexure D: Draft Amendments to Budget & Related Policies 2024/2025)**, goedgekeur word met die doel vir die publiek se menings en kommentaar;

7.2/...

- (q) Dat die wysigings aan die Voorsieningkanaalbestuursbeleid en die Kontantbestuur en Beleggingsbeleid met onmiddellike effek goedgekeur word;
- (r) Dat die vloot uitgebrei word met 'n addisionele nuwe 11-sitplek Bus vir die Reaksie/LEAP-eenheid, maar dat die aanwending daarvan beperk word tot binne die Swartland munisipale gebied (WC015), aangesien die Raad reeds R14 miljoen vanaf 2022/2023 in bedryfskoste finansier bo en behalwe die provinsiale toekenning;
- (s) Dat die opleidingsbegroting beperk tot **0,50%** van die salarisbegroting vir die 2024/2025 finansiële jaar as konsep goedgekeur word;
- (t) Dat die Raad kennis neem dat die verhogings vir die Direkteure kontraktueel gekoppel is aan die ander personeel wat op nasionale vlak onderhandel en bepaal word:
 - Ten opsigte van alle personeel, 'n verhoging van **5.2%** vir 2024/2025; **5%** vir die 2025/2026 en **5%** vir 2026/2027 finansiële jare, uitgesluit die toename in ander voordele wat van toepassing is en die jaarlikse 2,415% kerfverhoging waar van toepassing;
 - Daar is voldoende begroot vir alle salarisaanpassings;
 - Voorsiening is gemaak vir 'n **3%** verhoging vir politieke ampsbekleërs wat val binne die middelband van die inflasietekens soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB).
- (u) Dat die Raad kennis neem van die begrote bedryfssurplusse en dat die begroting "kontant gefinansier" word as gevolg van die kontantreserwes in tabel A8, die totale groei in uitgawes van **10.8%** vanaf die huidige na die nuwe finansiële jaar en die inkomstebronne met 'n groei in inkomste van **14.4%** (**6.5% kapitale toekennings uitgesluit**) vir die MTREF periode, sowel as die kontantvloei-staat soos per (**A-schedule: A7**) vir die volgende drie finansiële jare;
 - die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes is **5.6 maande** vir 2024/25, **4.4 maande** vir 2025/26 en **8.5 maande** vir die 2026/27 finansiële jaar (dit kan wesenlik beïnvloed word, maar op hierdie stadium is dit nie moontlik om wetenskaplik te bepaal nie);
 - oor die volgende drie finansiële jare is die beplanning van so 'n aard dat netto bedryfsurplusse verwag word vir 2024/25, 'n bedrag van **R 19 633 609**, vir 2025/26 'n bedrag van **R 2 969 749** en vir 2026/27 'n bedrag van **R 572 772 (kapitale toekennings uitgesluit)**, wat ver onder die NT riglyn is van minstens 'n 7.5% surplus.
- (v) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en -formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;
- (w) Dat die Raad kennis neem van die inhoudelike van die Provinsiale- en Nasionale Tesourie se Begroting-Omsendbriewe soos aangeheg in "**Annexure E: Budget Circulars**";
- (x) Dat die Raad kennis neem dat die begroting opgestel is in die nuwe mSCOA Weergawe 6.7 soos vereis deur Nasionale Tesourie;
- (y) Dat die proses van publieke insette, of kommentaar op die konsepbegroting, **hersiende** begroting en verwante beleide en begrotingsdokumente, belasting koerse op eiendomme en tariewe op **30 April 2024** sluit.

7.3 IMPLEMENTERING VAN NUWE ELEKTRISITEITS-TRUKTUUR (5/4/1/3; 5/4/B)

Die uitslag van die Koste van Voorsieningstudie soos uitgevoer deur mnr Hendrik Basson is aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee  oorgehou op 22 Februarie 2024.

7.3/...

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste noem dat opdrag ontvang is om 'n plan te ontwikkel vir die implementering van die nuwe elektrisiteitstariefstrukture. Daar is egter praktiese en logistieke aspekte vir elke afsonderlike tarief wat eers uitgevoer moet word, onder andere, publieke deelnameproses, opgradering van finansiële stelsel, opgradering en/of vervanging van sekere meters, ens.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste bevestig derhalwe dat die implementering van nuwe die tariefstrukture oorweeg word vir die 2025/2026 finansiële jaar.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat die implementering van die nuwe tariefstrukture, indien goedgekeur deur NERSA, in die 2025/2026 finansiële jaar geskied as gevolg van die logistieke en praktiese implikasies (sodoende word genoeg tyd verleen vir die skep van nuwe begrotingsmodelle vir toekomstige begrotings);
- (b) Dat goedkeuring verleen word dat die publieke deelnameproses insake die nuwe tariefstrukture 'n aanvang neem gedurende die 2024/2025 finansiële jaar om inwoners die geleentheid te gee om hulself te vergewis van die nuwe strukture en potensiële impak daarvan;
- (c) Dat kennis geneem word van die voorneme om die kapasiteitsheffings oor 'n periode van twee tot drie jaar te implementeer ten einde die impak op gebruikers te versag (dit sal kliënte in staat stel om gewoon te raak aan die heffings en om dienooreenkomstig te beplan, aangesien sommige heffings as 'n skok vir sommige kliënte kan kom);
- (d) Dat kennis geneem word dat die Bestuursplan oorweging sal verleen vir die aanstelling van 'n projekbestuurder om behulpzaam te wees met die beplanning, begroting en implementering van die nuwe tariewe;
- (e) Dat kennis geneem word dat oorweging daaraan verleen sal word om 'n derde party aan te stel om die meteringdata van Tyd van Gebruik-kliënte en SSEG-kliënte te doen totdat die Munisipaliteit sy eie stelsel (*Automated Meter Reading-system*) geïmplementeer het;
- (f) Dat die implementering van 'n vastekoers (@90% van die *Eskom Summer off peak Tariff* – soortgelyk wat tans die geval is) goedgekeur word vir uitvoerenergie vir residensiële SSEG-kliënte wie verkies om te bly op die konvensionele residensiële tarief met 'n netwerk- en kapasiteitsheffing;
- (g) Dat kennis geneem word van die kosteberaming vir die implementeringsplan en dat voorsiening gemaak word in die volgende begrotingsiklus vir akkurate koste berekeninge en implementering;
- (h) Dat kennis geneem en goedkeuring verleen word dat die implementering van die nuwe tariefstrukture onderhewig is, en saamgelees moet word met die begroting en tariewe in die betrokke begroting wat onderhewig is aan publieke deelname en finale goedkeuring.

7.4 KONSEP 2024/2025 DIENSLEWERING- EN BEGROTINGIMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/4/2)

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat elke begroting gerugsteun moet word deur 'n Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP).

Die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) definieer die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) as 'n gedetailleerde plan wat deur die burgemeester van 'n munisipaliteit ingevolge artikel 53(1)(c)(ii) van die MFMA goedgekeur word vir implementering van die munisipaliteit se lewering van dienste en van sy jaarlikse begroting.

7.4/...

Die voorlegging van die SDBIP geskied ingevolge regulasies 14 en 15 van die *Municipal Budget and Reporting Regulations*.

Die Munisipale Bestuurder, ondersteun deur die Senior Bestuurder: Strategiese Dienste, bevestig dat die opgradering van die SDBIP gefinaliseer sal word om al die nodige inligting in te sluit vir volvoering van die oorsigrol deur die Raad.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die aangehegte konsep 2024/2025 Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) ten einde dit by die Raadsvergadering ter tafel te lê in terme van regulasie 14 van die Munisipale Begroting en Rapportering Regulasies; en
- (b) Dat die SDBIP in terme van regulasie 15 van die Munisipale Begroting en Rapportering Regulasies aan Nasionale Tesourie en Provinsiale Tesourie voorgelê word.

7.5 VOORLEGGING VAN KONSEP VERORDENING INSAKE KREDIETBEHEER- EN SKULDINVORDERING (1/1; 1/1/3/16)

Die Direkteur: Finansiële Dienste noem dat die skeiding van die verordening en beleid ten doel het om 'n duidelike wetlike raamwerk vir kredietbeheer en skuldinvorderingspraktyke en -prosesse daar te stel en om groter buigsaamheid mee te bring vir die implementering van afdwingingsmaatreëls en prosedures binne die wetgewende raamwerk.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat die volgende konsepverordening op 28 Maart 2024 aan die Raad voorgelê word vir aanvaarding in beginsel en vir implementering met ingang vanaf 1 Julie 2024:
 - Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Kredietbeheer en Skuldinvordering
- (b) Dat, na beginselgoedkeuring deur die Raad, die konsep verordening vir publieke kommentaar geadverteer word in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselwet, 2000, in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste.

7.6 AANVAARDING VAN GEWYSIGDE VERORDENING: SWARTLAND MUNISIPALITEIT: VERORDENING INSAKE MUNISIPALE GRONDGEBRUIKBEPLANNING (1/1/3/14)

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste behandel die enkele wysigings aan die verordening, onder andere, die bepaling van handelsure vir huiswinkels in die munisipale gebied.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 28 Maart 2024)

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl T van Essen)

- (a) Dat die wysigings en toevoegings aan die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning deur die Raad aanvaar word, om in werking te tree op datum van afkondiging in die Provinsiale Koerant;
- (b) Dat boetes vir ootredings van die verordening vasgestel word deur die Departement van Justisie.

7.7/...

7.7 AANBEVELING VIR DIE GOEDKEURING VAN DIE ORGANISATORIESE STRUKTUUR MET IN BEGRIP VAN WYSIGINGS AAN DIE KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER, KANTOOR VAN DIE OPENBARE AMPSBEKLEËRS, DIREKTORATE: ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE EN INFRASTRUKTUUR EN SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (4/1/1/2/1)

Artikel 66 van die Munisipale Stelsels Wysigingswet, 2011 bepaal dat die organisatoriese struktuur deur die Munisipale Bestuurder goedgekeur moet word.

Die voorgestelde wysigings aan die struktuur van die Kantoor van die Munisipale Bestuurder, Kantoor van die Openbare Ampsbekleërs, Direkorate: Elektriese Ingenieursdienste en Infrastruktuur en Siviele Ingenieursdienste, soos breedvoerig toegelig in die verslag, is aan die vakbonde voorgelê.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat voorsiening gemaak word vir –

- (1) twee (2) brandweermanne op die struktuur, aangesien daar geen vordering gemaak word met gesprekke om die diens na die Weskus Distrikmunisipaliteit te ontplooi nie; en
- (2) een amptenaar om die aanlyn aankope van elektrisiteit te bestuur.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 28 Maart 2024)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem dat die wysigings aan die organisatoriese struktuur in paragraaf (b) en (c) aanbeveel is deur die Plaaslike Arbeidsforumvergadering gehou op 22 Februarie 2024;
- (b) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die wysigings aan die organisatoriese struktuur vir die direkorate Kantoor van die Munisipale Bestuurder en Kantoor van die Openbare Ampsbekleërs aanbeveel vir goedkeuring deur die Raad vir implementering met ingang van 1 Junie 2024;
- (c) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die wysigings aan die organisatoriese struktuur vir die direkorate Elektriese Ingenieursdienste en Infrastruktuur en Siviele Ingenieursdienste aanbeveel vir goedkeuring deur die Raad vir implementering met ingang van 1 Julie 2024;

BESLUIT VERDER

- (d) Dat die verdere wysiging van die organisatoriese struktuur, deur die toevoeging van die volgende poste, onderhewig aan die beskikbaarheid van befondsing met ingang vanaf 1 Julie 2024, aan die Raad op 28 Maart 2024 aanbeveel word:
 - (i) Direktoraat: Beskermingsdienste, Departement Rampbestuur, Brand- en Nooddienste: 2 x brandweermanne (T8) – standplaas nog bepaal te word;
 - (ii) Direktoraat: Finansiële Dienste, Afdeling Inkomstebestuur: 1 x rekenmeester (T12, onderhewig aan evaluering)
- (e) Dat kennis geneem word van die motivering vir die skep van bogemelde poste:
 - (i) Direktoraat: Beskermingsdienste, 2 x brandweermanne: Om die lewering van 'n volwaardige Brandweerdienst te bewerkstellig, aangesien die aanduiding is dat die diens nie na die Weskus Distrikmunisipaliteit ontplooi gaan word nie;
 - (ii) Direktoraat: Finansiële Dienste, rekenmeester: Om die aanlynverkope van elektrisiteit, wat vanaf 1 Julie 2024 geïmplementeer sal word, te bestuur, en as sulks beslag te gee aan die Smart City-konsep van dienslewering;

7.8 BEHUISINGSPROJEK: DARLING (36) FLISP/GAP BEHUISING (17/4/2/3)

Daar bestaan 36 behuisingsgeleenthede in Darling vir begunstigdes wat voldoen aan die vereistes van die GAP/FLISP-program nadat siviele ingenieursdienste einde 2023 voltooi is. Die GAP/FLISP-behuisingsmark bestaan uit begunstigdes wat tussen R3 500 en R22 000 per maand verdien, m.a.w. met inkomste wat te min is om die privaat eiendomsmark te betree en te veel is om staatsbystand te ontvang.

7.8/...

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die doelwitte van die FLISP-program ondersteun;
- (b) Dat die voorgestelde behuisingstipologieë ontvang vanaf Asla/Devco aanvaar word gebaseer op die volgende voorwaardes:
 - (i) Prioriteit verleen word aan aansoekers op die waglys van Darling wie eerste huiskopers/eienaars is;
 - (ii) Die subsidie ontvang vanaf die Departement van Infrastruktuur ten bedrae van R55 594,00 per erf – in totaal R2 001 394,00 – oorgedra word na die Raad se *Housing Special Operating Account* vir toekomstige behuising-ontwikkelings;
- (c) Dat Asla versoek word om vir befondsing vanaf die *Asset Finance Reserved Fund*-program aansoek te doen vir 'n inkrementele FLISP-projek op die basis van uitgestelde eienaarskap wat die Munisipaliteit in staat sal stel om FLISP-geleenthede beskikbaar te stel aan die breër lae-inkomste huishoudings in Darling;
- (d) Dat voormelde, 'n geleentheid skep om bekostigbare behuising te voorsien aan eerste huiskopers/eienaars en dat geen gelde hef word vir grondkoste en ontwikkelingsbydraes nie.

7.9 OORWEGING VAN AMNESTIE VIR ONWETTIGE BOUWERKE: SWARTLAND MUNISIPALITEIT (15/4/1)

[Die verslag word onttrek.]

7.10 SAMEWERKING TUSSEN SWARTLAND MUNISIPALITEIT EN DIE GOEDGEDACHT TRUST EN IMPENDULO (17/2/2)

Goedgedacht Trust is deur die Regering geïdentifiseer as een van die hoofvennote om die SEF-program (*Social Employment Fund*) in die Swartland munisipale gebied uit te rol en daardeur 400 werksgeleenthede te skep.

Samesprekings het in Desember 2023 plaasgevind tussen die Munisipaliteit, Goedgedacht Trust en *Impendulo* insake die moontlikheid om sekere projekte in Riebeek Kasteel te vestig, onder andere, groentetuine op bepaalde oop ruimtes.

Die voorstelle is tydens 'n Bestuursplanvergadering gehou op 29 Februarie 2024 bespreek, en is daar besluit om nie 'n samewerkingsooreenkoms met Goedgedacht Trust en *Impendulo* aan te gaan nie vir die redes soos vermeld in die verslag.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat kennis geneem word van die inisiatiewe van Die Goedgedacht Trust en *Impendulo* in Riebeek Kasteel onder die Sosiale Indiensnemingsfonds, asook hul behoeftes daaromtrent, te wete (1) beskikbaarstelling deur die Munisipaliteit van 'n pomp om water na die gemeenskapsgroentetuine te herlei, en (2) omheining van die vullisfuike in Esterhof;
- (b) Dat kennis geneem word van die uitkoms van die terreinbesoeke wat op 12 Februarie 2024 plaasgevind het, en waartydens dit aan die lig gekom het dat een van die openbare ruimtes (Erf 2651) reeds as groentetuin bedryf word, sonder bewys van toestemming;
- (c) Dat daar vasgestel word op welke wyse water verskaf word aan Erf 2651, Riebeek Kasteel;
- (d) Dat daar nie goedkeuring verleen word dat enige van die geïdentifiseerde persele vir groentetuine aan die instansies beskikbaar gestel word nie, weens die onvolhoubaarheid daarvan asook die presedent wat dit skep vir die res van die munisipale gebied.

7.10(d)/...

Verder, dat die wateraansluiting (indien onwettig) beëindig word en die gebruikers kennis gegee word om die eiendom te ontruim teen einde Junie 2024;

- (e) Dat die aansoekers ook meegedeel word dat die fuike nie omhein sal word nie, gegewe moontlike vandalisme gedurende tye wanneer dit onbeman gelaat word;
- (f) Dat daar wel waardering uitgespreek word vir die hulp van die instansies met die optel van rommel, verspreiding van vullissakke en bemanning van die fuike as bydraend tot die bekamping van onwettige vullisstorting;
- (g) Dat daar in hierdie stadium nie 'n samewerkingsooreenkoms gesluit sal word nie.

7.11 AANWENDING VAN VOORMALIGE KLINIEKGEBOU OP ERF 806, CHATSWORTH (12/2/2-2/1)

Die gebou op Erf 806, Chatsworth is gedurende 2002 deur die Munisipaliteit aan die Departement van Openbare Werke geskenk om vir kliniekdoeleindes aan te wend, onderhewig aan 'n terugvalklousule.

Die Departement het in 2016/2017 'n satellietkliniek op Erf 1071, Chatsworth gevestig. Die oordrag van Erf 806, Chatsworth ingevolge die terugvalklousule is gedurende 2023 gefinaliseer.

Die oogmerk is om die Biblioteek wat tans vanuit 'n *container* bedryf word uit te brei om die voormalige kliniekgebou in te sluit, en is die behoefte reeds by die Provinsiale Biblioteekdienste geregistreer. Die aanduiding is egter dat befondsing vir hierdie projek nie in die nabye toekoms sal realiseer nie.

Die gebou is tans onbenut en word toenemend gevandaliseer ondanks die staalomheining.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat daar met SASSA in gesprek getree word rakende die moontlike voetstoots gebruik van die gebou (voormalige kliniek) op Erf 806 Chatsworth vir hul interaksies met die publiek, onderhewig daaraan dat 'n formele ooreenkoms gesluit sal word betreffende die voorwaardes van gebruik;
- (b) Dat indien SASSA nie belangstel nie, voorstelle gevra word van nie-regeringsinstellings of ander nie-winsgewende organisasies vir die bestuur en bedryf van die gebou, vir 'n periode wat nie drie jaar sal oorskry nie, met dien verstande dat die gebou voetstoots, sonder opgradering/herstel beskikbaar gemaak sal word;
- (c) Dat die uitkoms van die proses aan die komitee gerapporteer sal word vir finale besluitneming.

7.12 OORSKRYDING OP STRAATRESERWE: LOEDOLFHUIS, ERF 10295, MALMESBURY (15/3/1)

CSM Consulting Services is deur die West Coast College Malmesbury aangestel om die nodige dokumentasie op te stel vir die restourasie van die ineengestorte Loedolf Huis op Erf 10295 op die h/v Loedolf- en Kerkstraat, Malmesbury.

'n Verslag insake die restourasie van die erfenis-gegradeerde gebou, met in ag neming van sy historiese oorspronklike tipologie is by Erfenis Wes-Kaap ingedien en deur Ig. goedgekeur op 2 Desember 2021.

Bouplanne is dienooreenkomstig opgestel en by die Munisipaliteit ingedien vir oorweging en goedkeuring. Op die bouplan word 'n oorskryding van die stoep oor die erfgrens binne die padreserwe van Loedolfstraat aangedui en gevolglik moet 'n oorskrydingsooreenkoms aangegaan word.

7.12/...

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat 'n oorskrydingsooreenkoms gesluit word met die West Coast College Malmesbury, eienaar van Erf 10295 Malmesbury, vir 'n onbepaalde periode om op die Loedolfstraat-padreserwe te mag oorskryf, soos aangetoon op die argitektoniese tekeninge;
- (b) Dat die West Coast College Malmesbury kwytgeskeld word van die jaarlikse oorskrydingsgelde;
- (c) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste gemagtig word om die terme van die ooreenkoms te bepaal met die insette van interne rolspelers.

7.13 KALBASKRAAL: VERHURING VAN BESIGHEIDSPERSEEL VIR FIETSWINKEL-WERKWINKEL (12/2R)

'n Skrywe is ontvang vanaf mnr Harry de Koker om grond vanaf die Munisipaliteit te bekom vir die vestiging en bedryf van 'n fietswinkel en -werkwinkel vanuit twee *containers* in Kalbaskraal.

Mnr de Koker is 'n begunstigde van die *SMME Booster Fund* van die Departement van Ekonomiese Sake en Toerisme en het die nodige gereedskap, opleiding en ander hulpbronne, asook twee doelgemaakte skeepshouers met behulp van die *Bicycling Empowerment Network NPC* ontvang om die fietswinkel en -werkwinkel te bedryf.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat een van die besigheidspersone in Bloekomstraat, Kalbaskraal aan Mnr de Koker van Kalbaskraal *Cycles* beskikbaar gestel word om sy fietswinkel en -werkwinkel te vestig;
- (b) Dat 'n huurooreenkoms met Mnr de Koker (of die *Bicycle Empowerment Network* in die alternatief) gesluit word teen betaling van R100.00 per maand, BTW uitgesluit, vir 'n periode van drie jaar;
- (c) Dat Mnr de Koker verantwoordelik sal wees vir alle kostes wat verband hou met die voorbereiding van die terrein, die verskuiwing van die vraghouers, asook alle dienste-aansluitings en -deposito's, en die beveiliging van die terrein.

7.14 VERHURING VAN NYWERHEIDSGROND TE MOORREESBURG VIR AKKERBOU-DOELEINDES (12/2/5/5-9/2)

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 24 Januarie 2024 goedkeuring verleen dat voorstelle ingewin word vir die verhuring van 'n gedeelte (groot ± 17.7 ha) van erf 1133, Moorreesburg vir 'n periode wat nie twaalf maande oorskry nie, met ingang vanaf 1 Mei 2024.

'n Openbare mededingingsproses is deurloop om die grond vir akkerboudoeleinde beskikbaar te stel, ten behoeve van 'n plaaslik (Moorreesburg)-gebaseerde openbare weldaatsorganisasie, wat met hetsy welsyns-, humanitêre of kulturele aktiwiteite gemoeid moet wees.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat goedkeuring verleen word vir die verhuring van 'n gedeelte (groot ± 17.7 ha) van erf 1133, Moorreesburg ten bedrae van R1 000.00 per jaar, BTW uitgesluit, aan die Koringbedryfmuseum vir 'n periode van een jaar, met ingang vanaf 1 Mei 2024 tot 30 April 2025;
- (b)/...

7.14/...

- (b) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste volmag verleen word om die voorwaardes van die huurkontrak te finaliseer en die ooreenkoms te mag onderteken.

7.15 HUUROOREENKOMS: MOORREESBURG POSDUIFKLUB (17/9/2/R)

Die Raad het 'n gebou op Erf 42, Moorreesburg opgerig om die posduifklub te hervestig nadat die grond waarop die voormalige klubhuis geleë was deur *Prospect Park CC* bekom is en lg. nie hulle verpligting kon nakom om die posduifklub te hervestig nie.

'n Huurooreenkoms vir drie jaar is met Moorreesburg Posduifklub met ingang vanaf 1 Junie 2017 gesluit – daar is egter met 'n onlangse oudit bevind dat die huurooreenkoms nie hernieu is nie.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat 'n huurooreenkoms met die Moorreesburg Posduifklub aangegaan word vir 'n periode van drie jaar met ingang vanaf 1 April 2024 ten opsigte van die duiweklubfasiliteite geleë op Erf 42, Moorreesburg;
- (b) Dat die huurbedrag vasgestel word op R120,00 per jaar, BTW uitgesluit;
- (c) Dat die voorwaardes van verhuur wat op die Malmesbury Posduifvereniging van toepassing is, ook vir die Moorreesburg Posduifklub sal geld, ingesluit 'n opsie om te hernieu vir 'n verdere drie jaar periode met verstryking van die ooreenkoms op 31 Maart 2027.

7.16 HUUROOREENKOMS: VUYOLWETHU CRÈCHE MOORREESBURG (17/9/2/R)

Die Vuyolwethu Crèche huur sedert 1 Maart 2018 Erf 4175, Moorreesburg vanaf die Raad vir die bedryf van 'n Vroeë Kinderontwikkelingsentrum.

'n Terplaatse ondersoek is op 13 Maart 2024 onderneem deur die Departement: Gemeenskapontwikkeling om die vereistes vir die bedryf van 'n Vroeë Kinderontwikkelingsentrum na te gaan en 'n motivering te voorsien vir die verlenging van die huurooreenkoms.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat 'n drie (3) jaar huurooreenkoms met Vuyolwethu Crèche Moorreesburg, m.i.v. 1 Maart 2024 aangegaan word vir die huur van erf 4175, Moorreesburg vir die bedryf van 'n Vroeë Kinderontwikkelingsentrum;
- (b) Dat die huurgeld vasgestel word op R120.00 per jaar, plus BTW.

7.17 HUUROOREENKOMS: VUYA FOUNDATION CRÈCHE (17/9/2/R)

Die Vuya Foundation is 'n gevestigde en geregistreerde NGO wat sedert Mei 2021 'n Vroeë Kinderontwikkelingsentrum op Erf 2502, Riebeek Kasteel bedryf. Weens die Vuya Foundation se goeie rekord wat vir etlike jare 'n crèche fasiliteit vir 150 kinders in Prince Alfred's Hamlet bedryf, is daar besluit om 'n huurooreenkoms vir die bedryf van 'n Vroeë Kinderontwikkelingsentrum aan te gaan.

Na goedkeuring van die huurooreenkoms in 2021 het die Vuya Foundation 'n publieke deenameproses met die gemeenskap van Riebeek Kasteel deurloop om 'n geskikte naam vir die sentrum te kies – daar is besluit op die *New Rest Valley Crèche*.

'n Terplaatse ondersoek is op 28 Februarie 2024 onderneem deur die Departement: Gemeenskapontwikkeling om die vereistes vir die bedryf van 'n Vroeë Kinderontwikkelingsentrum na te gaan en 'n motivering te voorsien vir die verlenging van die huurooreenkoms.

7.17/...

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat 'n drie (3) jaar huurooreenkoms met die Vuya Foundation m.i.v. 1 Mei 2024 aangegaan word vir die huur van erf 2502, Riebeek Kasteel vir die bedryf van die New Rest Valley Crèche;
- (b) Dat die huurgeld vasgestel word op R120,00 per jaar, plus BTW.

7.18 NOTULE VAN 'N MUNISIPALE PRESTASIE EN RISIKO OUDITKOMITEE GEHOU OP 28 NOVEMBER 2023, ASOOK DIE HALFJAARLIKSE VERSLAG VIR DIE PERIODE GEËINDIG 31 DESEMBER 2023 (5/14/1/3)

Die Ouditkomitee dien as 'n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en vervul sy funksie ingevolge die bepalings van artikel 166 van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet, Nr 56 van 2003.

Die notule van die Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomiteevergadering gehou op 28 November 2023 is met die sakelys gesirkuleer, en bevat geen aanbevelings aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir oorweging nie.

Die Halfjaarlikse verslag van die Prestasie en Risiko Ouditkomitee vir die periode eindigend 31 Desember 2023 is met die sakelys gesirkuler.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die notule van die Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomitee se vergadering van 28 November 2023 asook die halfjaarlikse verslag van die Ouditkomitee vir die tydperk geëindig 31 Desember 2023.

7.19 UITSTAANDE DEBITEURE: FEBRUARIE 2024 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure teen einde Februarie 2024 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Februarie 2024.

7.20 AFSKRYWING VAN ONINBARE SKULDE EN ANDER SKULD, FEBRUARIE 2024 (5/7/3)

Die aangehegte skedules toon die uitstaande bedrae wat as oninvorderbaar geklassifiseer word, naamlik

- Skedule A – afskryfbaar ten opsigte van deernishoudings = R5 409 829,08
- Skedule B – afskryfbaar ten opsigte van uitstaande debiteure = R1 083 465,38

Alle pogings is aangewend om die gelde in te vorder vanaf uitstaande debiteure, maar daar is gevalle waar rekeninghouers oorlede is, of nie opgespoor kon word nie of nie oor die finansiële vermoë beskik om enige betalings te maak nie.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgermeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van **R5 409 829,08** ten opsigte van deernishuishoudings, afskryf word as oninvorderbaar;
- (b) Dat die Uitvoerende Burgermeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van **R1 083 465,38** ten opsigte van ander uitstaande debiteure, afskryf word as oninvorderbaar soos per die individuele redes;

(c)/...

7.20/...

- (c) Dat, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat 'n gedeelte van die skuld of die totale skuld van 'n debiteur nie korrek sou wees nie, of dat enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgermeesterskomitee bekend was wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie, die Uitvoerende Burgermeesterskomitee die reg voorbehou om die skuld weer terug te skryf na die betrokke debiteur en dat die nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder;
- (d) Dat, indien 'n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, die Raad die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder, alvorens uitklaring op die betrokke eiendom gegee sal word. Ten einde uitvoering aan hierdie besluit te gee, is 'n register by die eiendomsbelastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was, en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word;
- (e) Dat verder goedkeuring verleen word dat lopende heffings wat nie by die bestaande lys bygewerk is nie, vanweë die tydsverloop van wanneer die administratiewe proses van genoemde afskrywingslys begin is en die tydperk daarna, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;
- (f) Dat verder goedkeuring verleen word dat die bedrae wat aan die Raad verskuldig is, wat op datum van hierdie Item nie by die bestaande lys bygewerk is nie, as gevolg van sosioekonomiese ondersoeke wat nog nie kon plaasvind aan al die deernishuishoudings nie, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;
- (g) Dat die werklike bedrag afgeskryf, nadat hierdie voorlegging aan die UBK gemaak was, weer tydens die volgende UBK Vergadering voorgelê sal word;
- (h) Dat enige BTW op dienste gehef op die gebruikelike manier vanaf die Ontvanger van Inkomste teruggeëis word;
- (i) Dat die Kredietbeheerafdeling poog om besoeke aan die deernishuishoudings te bring, ten einde die afskrywing te verduidelik en die implikasie van toekomstige verpligtinge van 'verantwoordelike verbruikers' aan hulle duidelik te maak, asook om die installeering van 'n waterbeheermeganismestelsel en die werking daarvan aan die deernishuishoudings te verduidelik, ten einde voorkomende Kredietbeheer toe te pas;
- (j) Dat verdere goedkeuring verleen word dat die kostes met betrekking tot die vervanging van die konvensionele elektrisiteitsmeter deur 'n voorafbetaalde elektrisiteitsmeter, deur die munisipaliteit gedra word en dat die Hoof Finansiële Beamppte die kostes van die Deernistoekenning sal verhaal;
- (k) Dat die UBK kennis neem van toekomstige pogings om aansluitings te beperk in 'n poging om verbruikers te dwing om die nodige dienste aansluitings te kom teken.

7.21 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 29 Februarie 2024 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.22 HERSIENING VAN RAMPBESTUURSPLAN VIR SWARTLAND (17/5/1/1)

Die Direkteur: Beskermingsdienste bevestig dat die voorlegging van die Rampbestuursplan vir Swartland dien as hersiening van kontakbesonderhede van die onderskeie rolspelers en identifisering van risiko's vir die munisipale gebied.

Na afloop van 'n risiko-evaluering is die volgende risiko's geïdentifiseer:

- Beurtkrag
- Uitheemse Indringer Plantspesies
- Onderbrekings in watervoorsiening
- Vloede
- Seismiese aktiwiteite
- Veldbrande
- Dieresiektes
- Dienslewering Protesaksies
- Covid-19
- Droogte

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die 2024 hersiende Rampbestuursplan asook die instemming van al die departemente om as deel van hul daaglikse take aandag te gee aan ramprisiko vermindering;
- (b) Dat die Burgemeesterskomitee die 2024 hersiende Rampbestuursplan vir die Swartland Munisipale area goedkeur, met die onderneming dat die plan jaarliks hersien sal word om sodoende seker te maak dat die inhoud altyd relevant en op datum is;
- (c) Dat, soos deur die Rampbestuurswet voorgeskryf word, 'n afskrif van die goedgekeurde hersiende plan voorsien word aan die Weskus Rampbestuursentrum, Provinsiale Rampbestuursentrum asook die Nasionale Rampbestuursentrum.

7.23 SWARTLAND MUNISIPALITEIT: 2024 HERSIENING VAN BESIGHEIDSKONTINUÏTEITS- EN RAMPHERSTELPLAN (17/5/1/1)

Die doel van die Besigheidskontinuiteit- en Rampherstelplan is om die Munisipaliteit voor te berei op uitgebreide diensonderbrekings en om dienslewering so spoedig moontlik te herstel.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat kennis geneem word van die wysigings aangebring ter hersiening van die Besigheidskontinuiteit- en Rampherstelplan;
- (b) Dat die hersiende 2024 Swartland Besigheidskontinuiteit- en Rampherstelplan goedgekeur word.

7.24 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN DIE *BELT FILTER PRESS* BY DIE MALMESBURY WWTW (8/1/B/2)

Die *belt filter press* is meganiese toerusting by die Malmesbury WWTW wat deel uitmaak van die proses om slyk uit die behandelde rioolwater te verwyder. Indien die behandelingsproses nie effektief uitgevoer word nie, veroorsaak dit dat die finale uitvloeisel nie voldoen aan die vereiste standaarde nie wat negatief kan impak op die omgewing.

Besluit/...

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstel van die beheereenheid van die *belt filter press* by die Malmesbury WWTW deur GW Trautmann ten bedrae van R35 264,43 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die rede vir die afwyking van die normale verkrygingsproses aangeteken word as volg:
 - (i) Die *belt filter press* sou vir 'n geruime tyd buite werking gelaat word;
 - (ii) Voormelde sou lei tot oneffektiewe behandelingsprosesse, slykverliese, swak gehalte van finale uitvloeisel wat nie aan die vereiste standaard voldoen nie en 'n negatiewe impak op die omgewing mag hê;
 - (iii) Die herstel van die beheereenheid van die *belt filter press* is dus as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe ten bedrae van R35 264,43 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/239-349-689 verreken word;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.25 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN DIE SUBMERCIBLE PUMP BY DIE RIVERLANDS POMPSTASIE (8/1/B/2)

Die rioolpompstasie by Riverlands versamel riool vanaf huishoudings in Riverlands wat dit pomp na verdampingsdamme naby Chatsworth. Een van die rioolpompe het meganies onklaar geraak wat rioolstortings by die pompstasie tot gevolg gehad het.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om die herstelwerk aan die rioolpomp deur CAW ten bedrae van R36 515,00 (BTW uitgesluit) goed te keur;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die verkrygingsproses aangeteken word as volg:
 - (i) Die rioolpomp sou vir 'n geruime tyd buite werking gelaat word;
 - (ii) Voormelde sou aanleiding gee tot die storting van rou riool by die rioolpompstasie;
 - (iii) Die herstelwerk aan die rioolpomp is as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe ten bedrae van R36 515,00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/240-849-381 verreken word;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.26 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN DIE KOMPAKTEERVRAGMOTOR, CK 37359 (8/1/B/2)

Die kompakteervragmotor, CK 37359 word in Malmesbury gebruik vir die weeklikse verwydering van vullis.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om die herstelwerk aan die kompakteervragmotor, CK 37359 deur Transtech ten bedrae van R136 440,74 (BTW uitgesluit) goed te keur;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die verkrygingsproses aangeteken word as volg:
